

Loflied – 475: 1-2

1. Allerhoogste Hemelvader,
lofgesange prys u Naam.
In ons kerke, in ons huise
loof ons, dank ons U tesaam.
Hoor die loflied, vreugde-sange,
neem dit aan in Jesus Naam.
2. Werk in u gemeente, Here
- Vader, Seun en Heil'ge Gees -
reinig ons deur u genade,
laat ons offers heilig wees;
U is heilig, maak óns heilig
deur die werking van u Gees.

Vredesgroet Kinderkerk

Verootmoediging en skuldbelydenis – Eksodus 20: 1-17

Lied 247

1. Heer wees ons genadig,
Christus wees genadig,
Heer wees ons genadig.
2. Kyrie eleison,
Christe eleison,
Kyrie eleison.

Genadeverkondiging

Lied 478: 1-2

1. Op vaste fundamente het God sy kerk gebou.
Apostels en profete het ons dít toevertrou:
Die Koning van die hemel herskep deur Woord en Gees
verlorenes op aarde dat hul sy volk kan wees.
2. Hy roep uit alle volke 'n volk vir Hom tesaam -
één in geloof en werke, één in sy heil'ge Naam!
Hy gee die brood en beker, Hy gee die heil'ge doop
om hulle te verseker: Ek het jul duur gekoop!

Apostoliese Geloofsbelofte as toeëiening van genade

Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde.
En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;
wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria;
wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het;
wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode; wat opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader, van waar Hy sal kom om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het.
Ek glo in die Heilige Gees.
Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk,
die gemeenskap van die heiliges;
die vergewing van sondes;
die opstanding van die vlees
en 'n ewige lewe.
Amen.

GOD PRAAT MET ONS UIT DIE BYBEL

Gebed om die opening van die Woord

Skriflesing – Johannes 2: 13-22

Boodskap

SAAM MET GOD AAN TAFEL

Opsteek van kerse by die Christuskers

Offergawes

GOD STUUR ONS...

Slotlied – 396: 1, 3, 4

1. Aanskou die Heiland, sien die kruis -
die Hemelvors, verag, verguis.
Vir my het Hy Hom daar laat hang.
Hy leef, Hy sterf - in my belang.
3. Vir al my skuld het Hy betaal;
vir my in helle-angs gedaal.
Sy kruis, sy liefde onbegrens,
ontsluit in my 'n nuwe mens.
4. Hom kan ek nou met vreugde dien
in ruimte deur sy kruis voorsien.
'n Liefde so volmaak en vry
eis alles, alles ook van my.

Seëngroet

Amen - Lied 314 [x2].

EREDIENS

11 Maart 2012

*Ned. Geref. Gemeente Pinelands
3e Sondag in Lydenstyd*

GOD BRING ONS VOOR HOM SAAM

Verwelkoming en Bulletin

Aanvangslied – 390: 1, 2, 4

1. Ons kniel hier voor u voete neer en hoor die hemelkore:
Hul loof en prys en roem u eer oor ons, eens so verlore.
2. U liefde is onpeilbaar groot, ontsien nie om te ly nie.
Geen kruis stuit U, geen vloek, geen dood
om sondaars te bevry nie.
4. Tot priesters deur u bloed gewy, is al ons skuld vergewe.
U maak ons konings, heel en vry, om tot u eer te lewe.

Aanvangswoord (Psalm 15)

V: Wie het die reg om in u woonplek te kom, Here?

Wie mag op u heilige berg vertoef?

G: Hy wat onberispelik wandel en doen wat reg is,
wat met sy hele hart die waarheid praat,

V: nie kwaad praat nie, sy medemens nie kwaad aandoen nie
en niemand beledig nie;

G: hy wat dié verag wat deur God verwerp is,
maar almal eer wat die Here dien;
wat sy woord hou, selfs tot sy eie skade,

V: sy geld nie op rente uitleen nie en hom nie laat omkoop
om die onskuldige te kort te doen nie.

Wie hom hieraan hou, sal nooit wankel nie.

A: Amen.

Seëngroet

V: Genade en vrede van God -

G: ons Skepper,

V: en van Jesus Christus -

G: ons Verlosser,

V: en van die Heilige Gees -

G: ons Herskepper.